

## BOEKRESENERINGS/BOOK REVIEWS

G.A. RAUCHE

*Knowledge and experience, a typology of knowledge in hermeneutical perspective*

Fort Hare: Fort Hare University Press

1990

274 pp.

Pris onvermeld

Professor Rauche, 'n emeritus-filosof, staan bekend as 'n briljante Suid-Afrikaner van Duitse herkoms besittende al die deugdelikheid, presiesheid en dissipline wat so kenmerkend van die Duitse mense is. Dit is vir my, as historikus wat my bemoei met die geskiedenisfilosofie, geen maklike taak om sy boek, wat véer oor die geskiedenis heen reik, met gesag te bespreek nie. Ek het waardering vir sy belesenheid, insigte en diep filosofiese gees wat die problematiek van die hermeneutiese verstaan, vergelykbaar met manne soos Dilthey, Rothacker, Rickert, Simmel, Habermas en Gadamer, opnuut onder die soeklig geplaas het. Dit is 'n prestasie dat 'n filosoof uit Suid-Afrika 'n betekenisvolle bydrae tot die debat oor die hermeneutiese probleem kon lewer, wat seer seker internasionale erkenning sa uitlok.

Soos by die moderne Duitse historiese filosowe, gaan dit vir Rauche om konsepsies, hipotese, teorieë, metodes, die waarheidsprobleem en die kwessie van verifikasie. Metodologie staan in die sentrum van sy belangstelling: die transendentale aard daarvan in die natuurwetenskappe, maar ook in die geskiedenis, wat hom nader aan my en my gesiedenisstudente bring.

Rauche bemoei hom met die probleem van die *sin* van die geskiedenis en toon sy verhouding tot die natuurwetenskappe aan. Vir my was my kennis van die astronomiese metodes altyd 'n teenhanger van die geesteswetenskappe, wat my kennis verruim en by my 'n beter begrip gebring het van die soor wetenskap wat deur my beoefen is. Rauche se derde hoofstuk oor geskiedenis is insiggewend en van belang vir studente - veral op honneursvlak, waar hulle met geskiedenis teoretiese probleme in aanraking gebring word.

Ons lees van Vico, Comte, Hume, Kant en Hegel, Marx en Engels, en van die Neo-Marxisme en Neo-Positivisme. Dan gaan Rauche oor tot die sosio-politieke wetenskappe en kuns. Soos Kant, wys Rauche op die verhouding van die wetenskapsteorie en die praktiese moraliteit. Ten slotte behandel hy die wêreld van vryheid en die hermeneutiek in die filosofie en teologie. Hy sluit sy boek af met die probleem van die hermeneutiek van die waarheid - so sentraal vir die historikus. Voorwaar 'n grondige besinning oor die probleem van die waarheid en sekerheid in die wetenskap.

F.A. VAN JAARSVELD

\*\*\*\*\*

BODO VON BORRIES

*Geschichtslernen und Geschichtsbewusstsein, Empirische Erkundungen zu Erwerb und Gebrauch von Historie*

Stuttgart: Ernst Klett Verlag

1988

230 pp.

Pris onvermeld

Veel meer as in Suid-Afrika, is geskiedenis onderrig op skool en aan die universiteit in Duitsland onde die soeklig. Pedagoë, historici, filosowe en geskiedenisonderwysers laat hulle oor dié tema uit. In dié opsig is Suid-Afrika ver agter in sowel belesenheid as praktiese advies. Die begrip "historiese bewussyn" word deur die moderne Duitse geskied- en opvoedkundiges as die grondkategorie van dié historiese didaktiek beskou, veel anders as in die Republiek van Suid-Afrika, waar geskiedenis op skool nog steeds 'n legitimerings-, oriënterings- en identiteitsvormende funksie in die belang van die huidige apartheidstaat vervul. Geskiedenisonderwysers en pedagoë, veral ook universiteitshistorici, staan op die algemeen onverskillig teenoor die wyse waarom geskiedenis op skool aangebied word.

In Duitsland staan sake heel anders. Daar word eksperimente uitgevoer en besonder baie oor genoemde probleem gedebatteer en geskryf. Dit laat ons belanghebbendes afsteek teen die buitelandse bedryf op hierdie terrein. By ons is geskiedenisonderwysers onbelese en passief en net geïnteresseer om leerlinge deur 'n eksamen te kry en hulle daaglikse brood te verdien. Bodo von Borries - tans 'n sieklike akademikus - bemoei hom in sy boek met geskiedenis in die alledaagse bewussyn, die leefwêreld van leerlinge en die rol wat geskiedenis in die samelewing speel. Hy is bewus van die probleme met geskiedenisonderrig in die voormalige koloniale wêreld en het eksperimente in dié verband uitgevoer wat nie sonder belang vir Suid-Afrika is nie. Dit gaan onder meer om die probleem van geskiedenisverdringing in amptelike leerplanne.

Von Borries behandel geskiedenis in die lewensloop van mense, hulle persoonlikheidsopbou en geestesinhoud. Hy sluit sy lesenswaardige boek af met die probleem van geskiedenis in die leerproses, ryplingsverloop en sosialiseringproses. Dit gaan vir hom om die verbeelding insake identiteitsverbreding en toekomsverantwoording - dus die geskiedenis in die onderrig, in leeraktiwiteite en klassekommunikasie. Die alledaagse geskiedenis van die leefwêreld van 'n kind mag volgens die skrywer nie verwaarloos word nie. Dit stel 'n voorbeeld aan Suid-Afrika waar die geskiedenisonderrig nie gerig is op die kweking van 'n leefwêreldlike historiese bewussyn nie.

F.A. VAN JAARVELD  
*Pretoria*

HANS-ULRICH WEHLER  
*Aus den Geschichte Lernen?*  
München: C.H. Beck  
1988  
323 pp.  
Prys onvermeld

Hans-Ulrich Wehler, 'n Calvinis, het bekend en beroemd geword as een van Duitsland as voorste historici. As leerling van wyle Theodor Schieder, die voormalige redakteur van die *Historische Zeitschrift* en *doyen* van die Duitse historiese bedryf, het Wehler in verset gekom teen Ranke se tradisionalistiese politieke geskiedskrywing, en onder invloed van die Franse Annaleskool en Amerikaanse sosiologie, het hy, naas Jürgen Kocka en Wolfgang Mommsen, een van die skeppers geword van 'n nuwe rigting in die Duitse historiografie, naamlik die "kritiese" histories-sosiale wetenskap, wat 'n nuwe titel vir die vak geskiedenis in die lewe geroep het.

Hy het teorieë uit die sosiale wetenskap op die geskiedenis van toepassing gemaak en sy geskiedskrywing laat weg beweeg van Ranke se verhalende metode deur dit te koppel aan bo-individuele strukture en prosesse, wat abstrak en veralgemenend voorkom. Sy beroemdste boek is die vierbandige *Deutsche Gesellschaftsgeschichte* wat moeilik leesbaar is. Teen die verontmensliking van sy soort geskiedskrywing het daar reaksie ingetree in die vorm van die Duitse "Alltagsgeschichte", wat 'n terugkeer is na die Historisme met sy verhalende verstaanmetode, waarteen Wehler hom in die onderhawige boek verset.

Wehler is nie net historikus nie, maar ook geskiedsteoretikus en 'n praktiese "politikus" in dié sin dat hy hom oor tydgenootlike historiese en politieke verskynsels onomwonde uitlaat. Dit kom uit in die tweede afdeling van sy boek. Hy is 'n strydende historikus wat sy tyd *bewus* belewe en kommentaar vanuit 'n historiese perspektief op tydgenootlike gebeure lewer.

Die doel van Wehler se tipe geskiedskrywing is om die hede te help *verander* - vandaar die term "kritiese" in sy histories-sosiale wetenskapsbenadering. Hy is een van die groot historiese geeste in die hedendaagse Duitsland; skerpsinnig en belese.

Sy temas in die gebundelde voordragte en artikels getuig van sy strydvaardigheid en bewuste beleving van sy eie tyd - van sy kritiek op die "Sonderweg" van Duitsland in die verlede tot die kapitalisme en imperialisme. Hy is 'n sterk voorstander van die moderniseringsteorie en het die Duitse historici met talle kollektiewe werke gekonfronteer in die hoop om hulle te laat afsien van die tradisionalistiese geskiedenisbenadering soos deur Ranke aan hulle oorgelewer.

Die boek toon Wehler se belesenheid in die historiografie en sy houding teenoor die ou tipe politieke geskiedskrywing. Die lees daarvan is 'n openbaring van sy kragtige gees, sy ruime kennis en belesenheid. Hy was medeverantwoordelik vir die omslag in die Duitse historiografie van die sestigerjare, veral deur sy herontdekking van Eckart Kehr, wie se opstelle deur hom uitgegee is en waartoe Hans Rosenberg - albei bannelinge van die Nasionaal-Sosialistiese tydperk - ook bygedra het.

Die bundel opstelle toon Wehler as 'n krag in die moderne Duitse historiografie, maar ook as politieke vertolker van die nuwe ontwikkelinge in die moderne Duitse staatslewe. Sy boek toon wat ons uit die geskiedenis kan leer. Hy is ten gunste van produktiewe stelling deur die historikus in die alledaagse politiek. Hy pleit vir 'n verantwoordelike omgang met die geskiedenis. Daaruit kan ons seer seker iets leer.

F.A. VAN JAARVELD  
*Pretoria*

M.D. NASH (red.)  
*The last voyage of the Guardian; Lieutenant Riou, Commander, 1789-1791*  
Kaapstad: Van Riebeeck-vereniging, tweede reeks no. 20  
1990 vir 1989  
243 pp.  
R25,00 (eksklusief) vir lede van die VRV  
R35,00 (eksklusief) vir nie-lede  
ISBN: 0-620-14455-6

Die van Riebeeck-vereniging het sedert sy stigting in 1918 'n besondere diens tot die bewaring van seldsame en waardevolle Suid-Afrikaanse manuskripte en dokumente gelewer. Deur sulke manuskripte en dokumente in boekvorm te publiseer, het 'n unieke reeks verskyn waarvan baie eksemplare vandag self skaars en waardevolle Africana geword het. Die Van Riebeeck-vereniging se eerste reeks beslaan vyftig volumes en die jongste toevoeging, weer eens 'n besonderse boek, is no. 20 in die tweede reeks. Hierdie boek, met die titel *The last voyage of the Guardian*, is 'n versameling dokumente waardeur met kundige annotering en redigering die gebeure tydens die Britse fregat, *HMS Guardian*, se laaste vaart ontvou word.

Die *Guradian*, onder bevel van die jeugdige Lt. Edward Riou, het in 1789, onderweg vanaf Engeland na Nieu-Suid-Wallis, die pas gestigte strafkolonie in Australië, 'n ysberg getref dertien dae nadat hy Kaapstad aangedoen het. Die helfte van die bemanning het gepoog om met die reddingsbote Kaapstad te bereik, maar slegs een het die 1 300 myl (2 100 km) tog oorleef.

Teen die verwagtinge in, het die erg beskadigde *Guradian*, met die kaptein en die res van die bemanning, self 'n maand later die veiligheid van Tafelbaai bereik. In seevaartgeskiedenis is dit as 'n buitengewone prestasie beskou wat wêreldwye aandag geniet het.

Lt. Riou moes 'n hele jaar in Kaapstad vertoef voordat die Admiraliteit in Engeland besluit het dat die *Guardian* nie herstel kon word nie en dus vernietig moes word.

Me. Nash het deur middel van die skeepsjoernaal van die *Guardian*, talle briewe en ander dokumente baie goed daarin geslaag om hierdie gebeure van tweehonderd jaar gelede te vertolk en te rekonstrueer om die volle verhaal te vertel.

Die boek bied egter veel meer as net die geskiedenis van die noodlottige *Guardian*-vaart. Die deeglike inleiding en goeie annotasie dek 'n wye verskeidenheid onderwerpe en talle bekende en minder bekende, interessante gebeure en persoonlikhede kom ter sprake. So byvoorbeeld is daar die bekende natuurkundige, Joseph Banks, die lotgevalle van William Bliigh en die *Bounty*, die welbekende ontdekker, kapt. James Cook, George Vancouver, kol. Robert Gordon en vele ander.

Wat die boek se waarde verder verhoog, is die goeie kaarte, diagramme, sketse, foto's en twee handige indekse en 'n goeie bibliografie.

Ten spyte daarvan dat die geskiedenis van die *Guardian* nie in die volle sin van die woord Africana is nie - 'n toevallige, kortstondige verbintenis met Kaapstad is die enigste raakpunt met die Suid-Afrikaanse geskiedenis - is hierdie boek tog 'n waardige toevoeging tot die Van Riebeeck-vereniging se reeks.

Uit die aard van die saak is dit nie 'n lekkerlees-slaaptyd boek nie, maar eerder 'n naslaanwerk vir die ernstige navorser. Die boek is veral van waarde vir die navorser in maritiemegeskiedenis, maar ook navorsers in verskeie ander vakgebiede, soos die kultuurgeskiedenis, die geskiedenis van die plantkunde, ensovoorts, kan die boek handig gebruik.

LOUIS CHANGUION  
*Universiteit van die Noorde, Sovenga*

JOSE BURMAN

*In the footsteps of Lady Anne Barnard*

Kaapstad/Johannesburg: Human en Rousseau

1990

128 pp.

R49,99 (eksklusief)

ISBN 0-7981-2760-0

Dit is bekend dat lady Anne Barnard en haar man, Andrew, van 1797 tot 1802 aan die Kaap gewoon het, waar laasgenoemde die pos van koloniale sekretaris beklee het. Tydens haar verblyf hier het lady Anne gereeld briewe aan die Britse minister van oorlog en kolonies, Henry Dundas, geskryf. Hierdie briewe vorm 'n belangrike kultuurhistoriese bron oor die tyd van die eerste Britse besetting van die Kaap.

In Mei 1798 het die Barnards 'n reis in die binneland van die Kaapkolonie onderneem. 'n Verslag van die reis, wat saam met haar briewe in 1973 in *The letters of Lady Anne Barnard* (red. A.M.L. Robinson) gepubliseer is, is deur Jose Burman as uitgangspunt vir sy jongste boek, *In the footsteps of Lady Anne Barnard*, gebruik. Burman is 'n bekende en gewilde skrywer wat hom veral op die skryf van geskiedkundige werke van populêr-wetenskaplike aard toespits. In *In the footsteps of Lady Anne Barnard* - sy 35ste boek - beskryf hy die reis van die Barnards in Mei 1798. Hy volg letterlik hulle voetspore oor die Hottentots-Hollandberge na Hermanus, Stanford, De Kelders, Caledon, Genadendal, Swellendam, Worcester, Tulbagh, Saldanhaabaai en daarvandaan terug na Kaapstad. Algaande verskaf hy inligting oor die dorpe en plase wat deur die Barnards besoek is, vertel interessante anekdotes wat verband hou daarmee en verskaf aanwysings hoe hierdie plekke bereik kan word, aangesien die paaie in die loop van feitlik twee eeue vanselfsprekend heelwat verander het.

Dat die skrywer genoodsaak was om heelwat navorsing te doen oor die verskillende plekke wat lady Anne in haar joernaal vermeld, is duidelik. Hy maak onder meer gebruik van die beskrywings en illustrasies van reisigers wat die binneland van Suid-Afrika teen die einde van die 18de en begin 19de eeu besoek het, soos Sparmann (1775), Le Vaillant (1783-1785), Barrow (1799), Lichtenstein (1803-1806) en Burchell (1810-1815). 'n Mens mis hier die naam van Johanna Duminy wat in 1797 die warm bad naby Caledon, wat deur lady Anne vermeld word, besoek het en dit in haar dagboek beskryf. Die wetenskaplike gehalte van die boek sou gebaat het as die bronnelys met meer sorg en aandag aan die plek en jaar van uitgawe van die boeke, saamgestel was.

Die beskrywings van die dorpe en plase waar die Barnards oorgebly het en van die mense met wie hulle kennis gemaak het, soos dit blyk uit die getuienis van lady Anne en haar tydgenote, vorm onderhoudende leesstof, maar terselfdertyd ook 'n bron van inligting vir die kultuurhistorikus. Uiteraard gaan dit hier om die daaglikse lewensomstandighede en lewenswyse van die koloniste in die binneland. So word daar heelwat aandag geskenk aan die daaglikse ete en drinke (onder meer die Kaapse wyn); wilde diere en die jag; probleme met die wa weens die slegte paaie, steil passe en afwesigheid van brûe; die boerdery en plantegroei, en die aard en voorkoms van die koloniste. Dat 'n reis met die wa in die binneland in daardie dae 'n gevaarlike en avontuurlike onderneming was, is gewis.

Burman verskaf wetenswaardige inligting oor die dorpe en plase op die roete wat die Barnards gevolg het. Foto's van die wonings wat vandag nog bestaan, maak die verhaal vir die leser lewendig en boeiend. Ook Valsbaai, Stellenbosch, Drakenstein en die Wagenmakersvallei, wat voorheen deur die Barnards besoek is, kom ter sprake.

Die boek is keurig geïllustreer met tekeninge, skilderye en foto's. Sketse en skilderye van die reisigers van wie reeds melding gemaak is en van die talentvolle lady Anne, word aangevul deur kleurfoto's van natuurtonele en plaaswonings soos dit daar tans uitsien. Aanwysings om die plekke te bereik en 'n goeie kaart maak dit vir diegene wat ook die voetspore van die Barnards sou wou volg, makliker. Dit is jammer dat daar, met die uitsondering van die tekeninge en skilderye van lady Anne, meestal nie erkenning gegee word aan kunstenaars soos Burchell, wat die tekening of skilderye gemaak het nie. Ook die vind- of bewaarplek van die illustrasies word nie vermeld nie.

Die skrywer beskik oor 'n onderhoudende skryfstyl wat die aandag van die leser deurgaans boei. Anekdotes, soos dié van die fiktiewe silwermyn in die Simonsberg (pp. 42-43), dra grotendeels hiertoe by. Dat menslike swakhede en voortrefflikhede in die loop van tweehonderd jaar min verander het, blyk duidelik. Hoewel populêr geskryf in dié sin dat daar nie van bronneverwysings en voetnote gebruik gemaak word nie, bevat *In the footsteps of Lady Anne Barnard* onderhoudende leesstof vir die leek, maar ook waardevolle inligting vir die kultuurhistorikus.

CELESTINE PRETORIUS

*Pretoria*

CHRIS HUMMEL (red.)  
*Rev. F.G. Kayser: Journal and letters*  
Kaapstad: Maskew Miller Longman  
1990  
216 pp.  
R49,95 (eksklusief)  
ISBN 0-636-01428-2

Hierdie boek, een van slegs 500 eksemplare, in 'n hardeband en met 'n stofomslag wat 'n kunswerk deur Thomas Baines van 1848 weergee, is nommer elf in die reeks: *The Graham's Town Series*; uitgegee deur die Universiteit Rhodes, onder 'n eie redaksionele komitee. Die doel met hierdie reeks sluit onder meer in: "to present, in a series of scholarly editions, diaries, collections of letters and other material relating to the Eastern Cape in the nineteenth century."

Verder bevat die publikasie twee illustrasies, vyf bruikbare bylae, vier handige kaarte, 'n bibliografie - waarin nie 'n enkele publikasie in Nederlands of Afrikaans voorkom nie. Dis byna ondenkbaar, want benutbare geskrifte bestaan volop. Dalk is dit taalgestremdheid of desnoods akademiese onkunde, maar dit bly 'n leemte. Die register weer hoort tuis in so 'n geskrif, maar die subdividings maak naasna nie juis makliker nie. Terloops, op p. 211 moet die datum by M.K.C. Kayser seker 1835 wees en nie 1853 nie. Op 'n keer het Knappe's Hope in plaas van Knapp's Hope ook deurgeglim.

Redakteur Hummel, mede-professor in die Departement Geskiedenis aan Rhodes Universiteit, het deeglike werk gedoen; bygestaan deur etlike mense (p. vii) wat op talle maniere hulp verleen het sonder dat hulle noodwendig amptelike, vaklui-historici is. Hierdie soort meelewing word steeds waardeer. Hummel deel ons mee hoe hy vaaghede, foute en leemtes, of spelwyses of eie eksakte weergawes van Kayser se soms ingewikkelde of dodelike, lang roetine mededelings verwerk het. Die inligting op pp. viii tot xxxix is daarom besonder bruikbaar en noodsaaklik. Nuttige aanvullings, vertalings, briewe en foto's deur/aan onder andere Kayser, Schwär en Sparks het Hummel se uiteensettings versterk, maar Hummel se baie, verduidelikende notas ná elkeen van die twaalf hoofstukke is regtig bruikbaar. Maar nota 10 op p. 90 oor Dingane is beslis verwarrend.

Dis goed dat mense soos Friedrich Gottlob Kayser (1800-1868) se eietydse, onbedoelde ervarings gepubliseer word. As Duitser, met 'n Duitse vrou - Christiana Maria Boehre (1795-18??) - in diens van die *London Missionary Society*, tussen swartes, aan die Oos-Kaap in die tydperk 1827-1868, het hy as vreemdeling gewis veel gehad om oor te rapporteer. Dit gaan dan ook om die reis van drie maande na die Kaap in 1827, Kayser se kennis van bekende swart leiers soos Makoma, Hintsa, Suthu, Namba, Soko, Sandile, Ndlambe, Gaika en Jan Tshatshu, of dan die spanning tussen die sendelinge soos veral tussen Calderwood en Kayser met James Read senior en junior, asook die genootskappe as sodanig soos Wesleyane, Skotte en die *LMS*. Dis veral interessant dat baie Britse Setlaars vry sku was vir al hierdie sendelinge wat hulle by politieke sake, as agente en by onderlinge verdeeldheid te veel ingemeng het. Plekke van belang is Fort Willshire, Fort Beaufort en Philipton (Katrivier).

Kayser se dagboek in pynlik noukeurig gehou, maar Hummel het willekeurig dele uitgelaat, vertolk en hier en daar materiaal geskuif - wat jammer is. Kayser het as vredemaker tussen hoofmanne, en met die owerhede, opgetree. Hy het met dr. John Philip en ander gekorrespondeer, van Negrofiliesties-filantropiese, vrysinniger kollegas verskil. Hy deel veel mee oor Kaffraria (pp. 82-89) wat fauna en flora en geografie betref, die vrees van die Xhosa vir die Zulu, die spanning tussen die Xhosa self oor hoof-gesag, sy eie talle vluggebeurtenisse vanweë onderlinge swart stryd, die swak behandeling van die Fingo, droogtes, sprinkane, agterdog aan die grens tussen alle groepe, die Grensoorlog van 1834 (pp. 101-107), die algemene wanorde aan die Grens, die Oorlog van die Byl 1846, die Grensstryd van 1850/51 se jare, en dan die selfvernietiging van die Xhosa in 1857 (pp. 187-188).

Die leser kom in die twaalf hoofstukke veel te wete van die kleredrag, eetgewoontes, sosiale gebruike en drankmisbruik by die Xhosa, sowel as Hottentotte (Khoi), Fingo's en "poor whites" (p. 182), die swart vroue wat hard werk, die mans wat jag, vee oppas, sit en gesels, knaend veg en baie wreed is. Kayser onderstreep hulle neiging om te ontvang, te bedel, te skimp, te vra van die blankes; dat hulle ook mekaar erg besteel en benadeel, dat waterpokkies 'n kwaai siekte was, dat hulle landboumetodes gewoon swak was, of dat die toordokter se woord ongeag kerstening diep gerespekteer word. Hy noem die feit dat veelwywery, die doodmaak van sekere babas en die kultuurstryd tussen God en die Bybel teenoor voorvaders en die tradisionele kultuur eidelose probleme skep. Meer keer beskou Kayser die inboorlinge as gewoon kinders wat dan ook soos kinders behandel moet word ten einde met iets te slaag. By geleentheid sug hy: "The epidemic of thieving continues" (p. 151), hoewel vanweë algemene gebrek, en dat daar min sukses met die Bybel by die Xhosa behaal word (p. 118). Nogtans het ware geloof talle sendelinge behou en laat volhard.

Dit verdien vermelding dat Kayser daarna verwys dat *Dutch* in 1827 in Kaapstad die taal is: "which is understood by die races that live in the closet proximity to the (Cape) colony", en dat hyself in die binneland 'n swart taal (seker maar Xhosa) en *Dutch* geleer het. Nogtans noem Kayser haas nie die Boere se naam nie, ongeag hy volledig hulle ellende en Groot Trek aan die Oosgrens meegemaak het.

In Junie 1838 verwys hy wel na die ramp (van Februarie 1838?) wat die Voortrekkers in Natal getref het, maar hy beskou dit dan as hulle straf vanweë hulle hoogs ongunstige lewe aan die Oosgrens gelei (p. 151). Dit alles klink nie na die taal van 'n Bybelgelowige nie; veral ook nie sy siening dat die Boere getrek het: "mainly and chiefly on account of the liberation of their slaves". Dat hy van Potgieter, Martiz en Piet Retief net niks vermeld nie, doen ook heel vreemd aan. Maar goed, Kayser het knaend vir die Xhosa teen die Kaaps-Britse en teen die Engelse militêre lui aan die Oosgrens kant gekies. Hy het ook teen goewerneur D'Urban kant gekies; wat onder andere die swartes "irreclaimable savages" genoem het. Kortom, Kayser en mense soos hy het duidelik self ook nie altyd geweet wat die denkpatroon was van die verskeidenheid belangegroepes aan die Kaap nie.

Dit is onwaarskynlik dat hierdie dagboek 'n nuwe siening oordra, of dat dit as studieboek voorgeskryf sal word. Maar dit bly sinvol dat dit aan die lig gebring en beskikbaar gestel is.

MARIUS SWART  
*Universiteit van Port Elizabeth*

U. DE V. PIENAAR (red.)  
*Neem uit die verlede*  
Pretoria: Nasionale Parkeraad  
1990  
640 pp.  
R150,00 (inklusief)  
ISBN 0-86953-043-7

Pienaar, redakteur van *Neem uit die verlede* en self die outeur van verreweg die meeste bydraes wat in die boek opgeneem is, het aan die Universiteit van die Witwatersrand onder meer die grade B.Sc. (Med.) en Ph.D. verwerf. Beroepsgewys het hy van junior veldwagter in die Nasionale Krugerwildtuin tot hoofdirekteur van Nasionale Parke gevorder voordat hy in 1991 die tuig neergelê het. Sy groot belangstelling in die Suid-Afrikaanse geskiedenis en natuurbewaring het uiteindelik tot die verskyning van *Neem uit die verlede* gelei.

Oor die Nasionale Krugerwildtuin het reeds talryke publikasies die lig gesien, waaronder dié uit die pen van J. Stevenson-Hamilton waarskynlik as van die belangrikste gereken kan word. Pienaar se boek span egter die kroon oor alle vorige publikasies oor die onderwerp. *Neem uit die verlede* is veronderstel om die geskiedenis van die Nasionale Krugerwildtuin te wees. Die inhoudsopgawe berei die voornemende leser reeds daarop voor dat hierdie werk 'n veel wyer veld dek. *Neem uit die verlede* het inderdaad 'n streekgeskiedenis en, in sekere sin, 'n kultuurgeskiedenis van die Transvaalse Laeveld geword.

Die inhoud van die boek dek die geskiedenis van die Laeveld van die Steentydperk tot ongeveer die middel van die twintigste eeu. Enkele van die drie en twintig hoofstukopskrifte dui reeds die strekking van die inhoud aan: "Toe die Laeveld nog woens en leeg was" (J.H. Eloff en M. English), "Die eerste blankes besoek die Laeveld" (W.H.J. Punt), "Die Voortrekkers verken die Laeveld" (W.H.J. Punt en U. de V. Pienaar), "Op die spoor van ontdekkingsreisigers" (U. de V. Pienaar, J.B. de Vaal, P.H. Cuenod en Y.A. Courtin), "Prospekteerders en delwery" (J. Verhoef), "Transportpaaië, transportryers en die tsetsevlieg" (J.B. de Vaal, M. Liebenberg en U. de V. Pienaar), "Wildbewaring in die Transvaal 1846-1898 en proklamasie van die Sabie-wildreservaat" (E.J. Carruthers en U. de V. Pienaar), "Oorlogswolke oor die Laeveld 1899-1902" (U. de V. Pienaar) en - moontlik die belangrikste hoofstuk - "Wordingjare: Die Sabie- en Shingwedzireservaat en Nasionale Krugerwildtuin 1900-1946" (E.J. Carruthers, U. de V. Pienaar en S.C.J. Joubert). Voorgenoemde hoofstukke is stewige hoofstukke, maar die wysheid van die besluit om hoofstukke 6 "Joao Albasini (1813-1888)", 19 "Eensame grafte in die bos", 20 "Die wilde dae van Crooks Corner" en enkele ander hoofstukke selfstandige hoofstukke te maak, kan bevestig word.

Voetnootverwysings ontbreek, maar aan die einde van elke bydrae in die boek verskyn daar 'n bronnelys wat duidelik aantoon dat die outeurs die belangrikste sekondêre en - in sommige gevalle - primêre bronne geraadpleeg het. 'n Omvattende bronnelys aan die einde van die boek sou vir toekomstige navorsers wat in die geskiedenis van die Laeveld mag belangstel, baie handig gewees het en sou bowendien getoon het wat 'n magdom bronne by die samestelling van hierdie boek geraadpleeg is.

Wanneer 'n hele aantal skrywers aan 'n boek meewerk, is dit net logies dat hulle skryfstyl sal verskil en dat die gehalte van die verskillende bydraes sal wissel. *Neem uit die verlede* is geen uitsondering nie, maar Pienaar verdien lof vir die wyse waarop hy sekere hoofstukke, byvoorbeeld 2, 9, 11 en 17, elk tot 'n eenheid saamgevoeg het.

Dit is 'n onbegonne taak om elkeen van die drie en twintig hoofstukke te evalueer. Elke leser se voorkeure en belangstellingsvelde sal bepaal watter deel van die boek hy/sy die boeiendste sal vind. Trouens, dit is een van die bates van hierdie boek dat daar vir haas elkeen iets in te vinde is wat sy/haar belangstelling sal prikkel. Lesers sal hierdie resensent dus ook sy voorkeure gun, naamlik hoofstukke 2, 5, 8, 9, 10, 11 en 18. Foutloos is die boek nie, maar wat 'n vreugde om soveel verteerbare inligting oor 'n bepaalde streek in een keurig versorgde band te mag besit. Die uitstekende kaarte en toepaslike foto's - waarvan talle in volkleur afgedruk is - maak nie slegs die boek visueel mooier nie, maar verhoog ook die leesgenot.

*Neem uit die verlede* sal die historikus, die kultuurhistorikus, die natuurhistorikus en diegene wat bloot in geskiedenis en natuurbewaring belangstel nie teleurstel nie en word van harte aanbeveel.

O.J.O. FERREIRA  
*Universiteit van Pretoria*